

# Q&A

## *Sh'mini*

# MIDRASH VRAE

www.houtkruis.co.za

# MIDRASH VRAE

## DIE GEDEELTES WAT ONS SAAM BESTUDEER IS:

**Torah:** Lev 9:1 - Lev 11:47
**Haftarah:** 2 Sam 6:1- 2 Sam 7:17
**B'rit Hadashah:** Mat 3:11-17; Heb 8:1-6; Mark 7:1-23; Han 5:1-11; Han 10:1-35; 2 Kor 6:14-7:1; Gal 2:11-16; 1 Pet 1:14-16.

1. Wat beteken Shemini?

2. Wanneer het hierdie agtste dag op Abba Vader se kalender geval? Of op watter datum het Aäron en sy seuns as priesters begin diens doen?

3a. Watter geskenk (korbanot) het Moses vir Aäron gesê om namens hom en sy seuns voor te berei vir Abba Vader? Wat was uniek aan hierdie geskenk vir Abba Vader?

3b. Watter geskenk (korbanot) het Moses opdrag gegee dat die kinders van Israel vir Abba Vader moes voorberei?

3c. Waarom dink jy het Moses gesê dat hierdie geskenke voorberei moes word en rein moes wees? (Kyk na die Hebreeuse woord vir "rein" en die piktogram prentjie daarvan.) Waarom dink jy dit was belangrik?

4. Daar is 'n "plegtige byeenkoms" gehou op die agtste dag van die inwyding van die Tabernakel en sy priesters. Waar het die kinders van Israel bymekaar gekom vir hierdie byeenkoms?

5. Wat het Aäron gedoen nadat hy die offers vir die kinders van Israel gebring het?

6. Hoekom dink jy het Moses en Aäron die Heilige Plek van die Tabernakel binnegegaan net nadat Aäron die volk geseën het?

7. Hoe is die Heerlikheid van Abba Vader die eerste keer by die Tabernakel geopenbaar? Watter twee bonatuurlike gebeure het plaasgevind?

8. In Levitikus 10 lees ons van die dood van Aäron se twee seuns, Nadab en Abihu.

8.1. Volgens Eksodus 30:7–10, wat was die instruksies oor die aanbieding van wierook aan Abba Vader?

8.2. Het Nadab en Abihu hierdie instruksies geminag? Hoe?

8.3. Hoe dink jy hou die bespreking tussen Aäron en Moses in Lev 10:16–19 verband met die dood van Nadab en Abihu?

8.4. In Lev 10:3 haal Moses sommige van die woorde aan wat Abba Vader met hom gespreek het. Watter vers dink jy haal Moses aan?

8.5. Waar is Nadab en Abihu se liggame geneem en deur wie?

9. In Lev 10:8–9 staan: "En YHVH het met Aäron gespreek en gesê: Moenie wyn of sterk drank drink nie, jy of jou seuns saam met jou as julle in die Tent van Samekoms ingaan, dat julle nie sterwe nie; 'n ewige insetting is dit vir julle geslagte." Het dit enige verband met my en jou vandag, met Abba Vader se tempel en heilige priesterdom?

10. Levitikus 10:8–20 sluit af met 'n teregwysing wat Moses aan Aäron gegee het oor iets wat hy en sy seuns nagelaat het op hul eerste dag van diens.

10a. Wat het Aäron en sy seuns vergeet of nagelaat om te doen?

10b. Wat was Aäron se reaksie op Moses se teregwysing?

11. Wat is die twee tekens van 'n dier wat rein is en wat ons mag eet? Gee 'n paar voorbeelde.

12. Wat is die twee tekens van 'n vis wat ons mag eet volgens Abba Vader se instruksies?

13. Sommige mense sê Abba Vader het in Handelinge 10:9–15 Sy eie instruksies oor wat ons mag eet en nie mag eet nie, “weggedoen.” Hoe het Petrus hierdie visioen geïnterpreteer? (Het die visioen te doen gehad met kos of eerder met sy siening oor Jode se assosiasie met heidene? Het dit Petrus verander in wat hy geëet het of bloot in met wie hy vry gevoel het om te gesels?)

14. Sommige mense sê Yeshua het in Sy lering in Matteus 15:1–20 “weggedoen” met Abba Vader se kosinstruksies. Waaroor het Yeshua in daardie gedeelte gepraat?

15. Sommige mense sê Paulus het in Romeine 14:1–23 “weggedoen” met Abba Vader se kosinstruksies. Het Paulus hier gepraat oor dieselfde kategorieë diere waarna in hierdie week se Torah verwys word? Hoekom of hoekom nie?

16. In die week se haftarah-gedeelte sien ons ten minste drie ernstige oortredings met betrekking tot Abba Vader se instruksies toe hulle met die Verbondsark na Jerusalem gereis het. Wat was die drie dinge wat Dawid en sy mense verkeerd gedoen het?

17. Verder in die haftarah-gedeelte sien ons dat Dawid se vrou dink Dawid bring vernedering.

17.1. Wat het gebeur?

17.2. Wat was Dawid se reaksie op haar aantuiging?

17.3. Wat was Dawid se reaksie op haar aantuiging?
17.2.

17.3. Hoe het Abba Vader hierdie week met jou gepraat in die gedeeltes wat ons saam bestudeer het?